NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur | 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2021

VRAAG 1 VOORRAADSTELSELS EN BTW (32 punte, 20 minute)

VRAAG 1.1 VOORRAADSTELSELS (23 punte, 14 minute)

Inligting aangaande C&C Klank

Ignoreer BTW vir die doeleindes van die voorraadafdeling.

Chloë en Cayley besit C&C Klank wat oorfone en luidsprekers verkoop. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel vir alle voorraad. Die finansiële jaar eindig op 31 Oktober 2021. Verskaffers verleen aan Chloë en Cayley 30 dae om voorraad waarmee hulle nie tevrede is nie, terug te stuur.

A. Oorfone:

Hulle gebruik die **geweegdegemiddelde-metode** om die voorraad te waardeer.

1. Hieronder is die voorraadrekords vir die oorfone gedurende die jaar.
   Let wel: 'n Oorfooneenheid is 'n stel van twee oorfone (links en regs).

	Getal eenhede	Eenheids-koste	Totale koste
Beginvoorraad (1 November 2020)	400	R325	R130 000
Aankope gedurende die jaar	1 500		R416 000
Desember 2020	800	R250	R200 000
Maart 2021	500	R300	R150 000
Julie 2021	200	R330	R66 000

2. Die volgende inligting is uit die voorraadrekords onttrek:

   (a) 60 van die oorfooneenhede wat in Desember gekoop is, is aan die verskaffer teruggestuur aangesien dit nie aan die gehaltespesifikasies voldoen het nie.

   (b) Daar was 176 eenhede voorhande aan die einde van die finansiële jaar.

   (c) Vraggeld op aankope het R11 800 beloop vir die jaar.

   (d) Hulle het 1 630 eenhede gedurende die jaar verkoop teen R525 elk.

IEB Copyright © 2021

B. Luidsprekers:

Hulle gebruik die **eerste-in-eerste-uit- (EIEU-) metode** om die voorraad te waardeer.

3. Hieronder is die voorraadrekords vir die luidsprekers gedurende die jaar.

	Getal eenhede	**Eenheids-koste**	**Totale koste**
Beginvoorraad (1 November 2020)	150	R700	R105 000
Aankope gedurende die jaar	1 160		R755 000
Januarie 2021	400	R650	R260 000
Mei 2021	500	R600	R300 000
September 2021	260	R750	R195 000

4. Die volgende inligting is uit die voorraadrekords onttrek:

(a) Daar is geen vraggeld op aankope nie, aangesien bestellings bo R100 000 gratis afgelewer word.

(b) Op 1 Junie 2021 het hulle 50 luidsprekers wat gekoop is, teruggestuur omdat dit defektief was.

(c) Totale verkope van 1 130 luidsprekers vir die jaar het R2 373 000 beloop.

(d) Eindvoorraad beloop 130 luidsprekers.

VRAAG 1.2 BTW (9 punte, 6 minute)

Inligting aangaande C&C Klank

BTW word teen 15% bereken.

Geselekteerde transaksies wat BTW behels uit die finansiële rekords van C&C Klank vir die jaar eindigende 31 Oktober 2021:

1. Verkoop voorraad met 'n verkoopsprys van R39 200 eksklusief (R45 080 inklusief).

2. 'n Debiteur wat R7 705 skuld, is insolvent verklaar en haar rekening moet afgeskryf word.

3. Koop goedere op krediet wat R15 200 eksklusief kos voor 'n 5%-handelskorting.

VRAAG 2 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (61 punte, 37 minute)

Inligting aangaande Lesedi Beperk

Lesedi Beperk is 'n Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 7 000 000 gewone aandele. Hulle voorsien opvoedkundige en leertoerusting en -materiaal aan skole en universiteite oral in Suider-Afrika. Hulle gebruik te alle tye 'n standaardwinsgrens van 75% op kosprys.

1. Saldo's uit die finansiële rekords op 1 Maart 2020:

Balansstaatafdeling	
Gewone aandelekapitaal (op 1 Maart 2020) [bestaande uit 4 500 000 gewone aandele]	R10 800 000
Behoue inkomste	R3 780 000
Verbruiksvoorraad voorhande (Skryfbehoeftes)	R1 300
Deposito: Eiendomsbelasting en diensgelde	R2 970

2. Saldo's/totale uit die Vooraansuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:

Balansstaatafdeling	
Debiteurekontrole	R139 250
Voorsiening vir oninbare skuld	R6 150
Handelsvoorraad	R865 300
Bank	R1 235 700
SAID: Inkomstebelasting	R419 300 (dt.)
Krediteurekontrole	R221 300
Nominalerekeninge-afdeling	
Verkope	R4 450 000
Koste van verkope	R2 400 000
Debiteure-afslag	R12 250
Rente-uitgawe	R24 300
Kommissie-inkomste	R30 100
Huurinkomste	R234 850

INLIGTING

A. Transaksies wat aandele en dividende behels (Dit is opgeteken.)

1 Maart 2020: 4 500 000 gewone aandele is uitgereik.
30 Junie 2020: Verkoop nog 500 000 gewone aandele teen R2,80 elk.
1 September 2020: Verklaar en betaal tussentydse dividende vir 'n totaal van R425 000.
3 Januarie 2021: Koop 25 000 aandele uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer terug vir R2,95 elk.
28 Februarie 2021: Verklaar 'n finale dividend van 14 sent per aandeel slegs op die aandele wat op hierdie datum uitgereik is.

IEB Copyright © 2021

B. Bykomende inligting en aansuiwerings wat nog in ag geneem moet word:

1. 'n Bedrag van R2 750 is nog verskuldig vir kommissie-inkomste.

2. 'n Debiteur het voorraad in 'n goeie toestand teruggestuur. 'n Kredietnota is uitgereik vir R10 640 **nadat** 'n 5%-handelskorting op die oorspronklike verkoopstransaksie toegestaan is.

3. Voorsiening vir oninbare skuld moet tot R5 230 aangesuiwer word.

4. Daar is drie direkteure in die maatskappy wat elkeen jaarlikse direkteursgelde van R60 000 verdien. Een direkteur het goedere wat R20 000 gekos het aan haar kind se skool geskenk. Dit moet met haar direkteursgelde verreken word en is nie opgeteken nie. Nie al die gelde is betaal nie.

5. Die jaarlikse fisiese voorraadtelling het getoon dat die volgende voorhande is:
   - Handelsvoorraad R841 900
     'n Boks klaskamermateriaal ter waarde van R2 500 is verpak en wag op die klant om dit te kom haal. Die verkoopstransaksie is korrek opgeteken en die boks is verkeerd getel tydens die voorraadopnameproses.
   - Skryfbehoeftes R1 210

   Die boekhouer het vergeet om die skryfbehoeftes voorhande aan die begin van die jaar om te swaai.

6. Verpakkingsmateriaal ter waarde van R6 700 is bestel en betaal. Hierdie transaksie is opgeteken. Die verskaffer se vragmotor het gebreek en die verpakkingsmateriaal is nie ontvang nie. Die verskaffer het ingestem om 5% op 5 Maart 2021 aan die onderneming terug te betaal as straf omdat die afleweringspertyd nie gehaal is nie.

7. Die Stad Johannesburg vereis dat 'n bykomende bedrag van R750 by die deposito op die rekening vir eiendomsbelasting en diensgelde bygevoeg word. Die bedrag is betaal, maar is verkeerdelik as R570 opgeteken.

8. Die huur is op 1 Oktober 2020 met R1 225 verhoog. Huur word een maand vooruit ontvang.

9. Inkomstebelasting word teen 30% deur SAID gehef.

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE (50 punte, 30 minute)

Inligting aangaande Simelane Souse Bpk.

Simelane Souse Bpk. is 'n Trots Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 6 000 000 aandele. Hulle voorsien die restaurant- en spyseniersbedryf van plaaslik vervaardigde souse van die beste gehalte.

1. Die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 toon die volgende:

Waardevermindering	R214 000
Rente-uitgawe	?
Netto wins voor belasting	R1 586 000
Belasting	30% van wins

2. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) soos op:

	28 Februarie 2021	**28 Februarie 2020**
Gewone aandelekapitaal	R4 554 000 (4 950 000 aandele)	R2 920 000 (3 600 000 aandele)
Behoue verdienste	R1 220 800	R980 000
Vaste bates (teen drawaarde)	R2 981 000	R2 780 000
Lening: Bianca Bank (12% p.j.)	R1 100 000	R930 000
Handelsvoorraad	?	R838 700
Debiteurekontrole	R1 452 000	?
Krediteurekontrole	R696 000	R624 000
Opgelope uitgawes	R13 000	R17 000
SAID (BTW)	R6 500 (kt.)	R4 000 (kt.)
SAID (Inkomstebelasting)	R9 000 (dt.)	R34 000 (kt.)
Aandeelhouers vir dividende	R660 500	R252 000

3. Bykomende inligting:

3.1 **Aandele**

- Aan die einde van die jaar het die maatskappy 50 000 aandele vir R70 000 uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teruggekoop.
- Gedurende die jaar is nuwe aandele teen R1,20 elk uitgereik.

IEB Copyright © 2021

3.2 **Lenings**

- Rente word gekapitaliseer.
- Terugbetalings van die kapitaalgedeelte van die lening beloop R15 000 per maand.
- Saldo soos op 1 Maart 2020 R930 000
- Bykomende lening ?
- Leningterugbetalings met rente ingesluit R271 500
- Saldo soos op 28 Februarie 2021 R1 100 000

3.3 **Dividende**

- Beide tussentydse en finale dividende is gedurende die jaar verklaar.
- Die dividende wat volgens die kontantvloeistaat op 28 Februarie 2021 betaal is, beloop R436 900.

3.4 Die beweging in handels- en ander ontvangbare rekeninge het tot 'n uitvloei van kontant van R152 000 gelei.

3.5 Die volgende aanwysers is onttrek uit die finansiële state soos op die jaar geëindig 28 Februarie 2021:

- Bedryfsverhouding 2,2:1
- Vuurproefverhouding 1,5:1
- Totale bedryfslaste R1 376 000

3.6 **Vaste en finansiële bates**

- Gedurende die jaar het Simelane Souse Bpk. drie nuwe identiese afleweringsvoertuie elkeen teen dieselfde prys gekoop. Hulle het ou toerusting teen die boekwaarde van R860 000 verkoop.

3.7 Die oorblywende voltooide afdelings van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 toon die volgende:

- Kontant uit bedryfsaktiwiteite **gegenereer** R638 300
- Kontant in beleggingsaktiwiteite **benut** R415 000

VRAAG 4 VERVAARDIGING EN BATEBESTUUR (57 punte, 33 minute)

Inligting aangaande Makhaza Vervaardigers

Makhaza Vervaardigers is 'n plaaslike vervaardigingsonderneming wat staaldromme vir gebruik in die industriële sektor produseer. Hulle winsgrens op die dromme is te alle tye 60% op kosprys. Hulle besit hul eie fabriek en toerusting en een afleweringsvoertuig. Hul huidige finansiële jaareinde is 31 Oktober 2021.

VRAAG 4.1 BATEBESTUUR (14 punte, 10 minute)

1. Saldo's uit die finansiële rekords onttrek:

	31 Oktober 2021	1 November 2020
Toerusting (alles in die fabriek gebruik)	?	R2 430 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	?	R1 093 500

2. Op 31 Januarie 2021 het hulle ou toerusting vir R475 000 kontant verkoop. Hierdie toerusting is vir R640 000 gekoop. Waardevermindering op toerusting is 12% p.j. volgens die afnemendesaldo-metode. Op 1 November 2020 het die toerusting wat verkoop is 'n opgehoopte waardevermindering van R143 500 gehad.

3. Geen bykomende toerusting is gedurende die jaar gekoop nie.

VRAAG 4.2 VERVAARDIGING (43 punte, 23 minute)

1. Die volgende **saldo's** word in die voorraadrekeninge aangetref:

	31 Oktober 2021	1 November 2020
Grondstofvoorraad	R916 000	R734 000
Voorraad indirekte materiaal	R17 300	R14 500
Voorraad goedere-in-bewerking	?	R264 000
Klaarproduktevoorraad	R360 000	R446 000

2. **Direkte en indirekte materiaal**

- Indirekte materiaal ter waarde van R48 200 is gedurende die jaar gekoop. Alle indirekte materiaal word in die produksieproses gebruik.
- Grondstowwe wat gedurende die jaar gekoop is, beloop R1 712 500.
- Grondstowwe ter waarde van R31 500 is aan die verskaffer teruggestuur aangesien dit nie aan die spesifikasies voldoen het nie.
- Die pakkamer was nie gesluit nie en staal (grondstof) ter waarde van R10 000 is gesteel. Die verlies word as 'n fabrieksbokoste-uitgawe beskou.

IEB Copyright © 2021

3. Salarisse en lone

- Die fabrieksvoorman is 'n netto jaarlikse salaris van R293 280 betaal. Dit was nadat 8% vir pensioen en WVF, sowel as R60 000 vir sy jaarlikse mediese hulpfonds afgetrek is. Die onderneming dra op 'n rand-vir-rand-basis tot die pensioen en WVF by.
- Die fabriek het 12 werkers teen R30/uur in diens. Elke werknemer het 2 080 uur in die jaar gewerk. Die totale bydraes tot die pensioen en WVF het R111 100 beloop.

4. Fabrieksbokoste

- Die volgende totale is uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Oktober 2021 onttrek:
  - Eiendomsbelasting en diensgelde R39 000
  - Water en elektrisiteit R63 800
  - Versekering R93 600
- Waardevermindering op die fabriekstoerusting is bereken volgens Vraag 4.1 op die vorige bladsy.
- Die fabriek gebruik 85% van die water en elektrisiteit. Die water-en-elektrisiteit-rekening vir Oktober 2021 vir R5 800 is ontvang maar nog nie betaal nie.
- Eiendomsbelasting en diensgelde word toegewys volgens die vloerruimte-verhouding: fabriek:kantore:verkope 1200 m²:300 m²:100 m².
- Die versekering vir November 2021 is vooruit betaal, R7 200. Die helfte van die versekering word aan die fabriek toegewys.

5. Verkope

- Die jaarlikse verkoopsyfer was R5 250 000 (koste van verkope R3 281 250).

6. Gelykbreekpunt

- Die volgende gelykbreekberekening is aan die einde van die jaar gedoen. Dit het administratiewe en verkoops- en verspreidingsuitgawes in berekening gebring:

$$\frac{1\,020\,000}{525 - \frac{3\,400\,000}{12\,500}} = \textbf{6 892 eenhede}$$

IEB Copyright © 2021